

Aanbid die Skepper



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Psalm 115:1-8, Deuteronomium 10:17-22, Psalm 101:1, Jes. 1:10-17, Jesaja 58, Markus 12:38-40.

Geheeteks:

“Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses ’n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie?” (*Jesaja 58:6 en 7, NAB*).

Selfs ’n oorsigtelike lees van die Ou-Testamentiese profete toon hoe vreeslik die mishandeling van die armlastige en die onderdrukte hulle gepla het. Die profete van ouds, asook die God namens wie hulle gepraat het, was ontsteld oor die maatskaplike euwels wat hulle by die omliggende nasies bespeur het (lees byvoorbeeld Amos 1 en 2). Tog was hulle, veral ook, woedend en verdrietig oor die ongeregtighede waaraan die volk van God hulle skuldig gemaak het, ’n volk wat soveel genadegawes uit die hand van die Here ontvang het. Hulle moes van beter gewees het, inaggenome hul geskiedenis en die wette wat God Self hulle geskenk het. Ongelukkig het die volk onreg laat seëvier, ’n tragedie en sonde wat die profete skerp veroordeel het. Interessant genoeg word baie van die Ou-Testamentiese profete se bekendste uitlatings oor reg en onreg binne ’n bepaalde konteks gegee – naamlik dié van aanbidding. Soos ons aanstons sal sien, is ware aanbidding nie net iets wat tydens ’n godsdienstige seremonie of ritueel gebeur nie. Dit is inderwaarheid ’n uitleef-lewe – die uitleef van God se besorgdheid oor ander se welstand, ’n soeke na die opheffing van die verstoteling en die vertrapte.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 10 Augustus.*

Afgodery en onderdrukking

Kort nadat God die volk uit Egipte gelei het, ontmoet Hy hulle by Sinai waar hulle die tien gebooue op kliptablette ontvang, insluitende die eerste twee gebooue wat die aanbidding van ander gode en die maak van afgodsbeelde verbied (*lees Eks. 20:2-6*). In respons hierop belowe die volk om al God se voorskrifte te volg en as sy verbondsvolk te leef (*lees Eks. 24:1-13*). Onthou egter dat Moses in daardie stadium byna ses weke lank bo-op die berg was. Die mense het dus begin wonder: wat het dan van Moses geword? Die volk het baie druk op Aäron geplaas. Uiteindelik gee hy in en laat maak 'n goue kalf. Aäron sien ook sommer toe dat die volk 'n dier aan die afgod offer. “Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan” (*Eks. 32:6, NAB*). Beide die Here en Moses was onthuts oor hoe vinnig Israel die aanbidding van die lewende God vir afgodediens verruil het, en klaarblyklik was dit slegs danksy Moses se voorbidding dat die volk hul verdiende straf vrygespring het (*lees Eks. 32:30-34*). Die versoeking om afgode te aanbid, is iets waarvoor die volk ongelukkig al te dikwels en al te maklik geswig het. Die geskiedenis toon dat die konings van Israel en Juda periodiek die land in tye van afgodery laat verval het. Dit sluit ook gruwelike praktyke ter aanbidding van daardie gode in, gruweldade waarin die konings die voortou geneem het. Hierdie troueloosheid is iets wat die profete van God uitgewys het, as 'n weskroep en oproep om na God terug te keer. Te midde van hierdie oproepe tot hervorming en herlewing was dikwels ook die oproepe tot 'n beter behandeling van die arme, die behoeftige en die hulpelose in God se volk.

Lees Psalm 115:1-8. Watter deurslaggewende punt probeer die psalmdigter hier tuisbring?

Dit is tipies mens om te word soos die ding of persoon wat jy aanbid, die een op wie jy jou toespits. Dit maak dus sin dat die soeke na medemenslikheid en geregtigheid agteruit sou gaan toe die volk die lewende God vir vals gode verruil het. Die Here was immers 'n God van geregtigheid maar die omliggende nasies se gode was dikwels op dinge soos oorlogvoering en vrugbaarheid geskoei. Met die Israëliete se oorgang na afgodery het hul benadering tot so baie dinge verander. Selfs mense is anders behandel. As hulle tog net getrou aan die Here wou bly, sou hulle net soos God ook die lot van die behoeftige op die hart gedra het.

Bepeins 'n bietjie hierdie idee dat 'n mens word soos die een wat jy aanbid. Hoe manifesteer hierdie beginsel hom in hedendaagse aanbidding?

'n Rede om te aanbid

Regdeur die Bybel word die aanbidding van die lewende God bepleit – en ook met rede – redes wat herhaaldelik gegee word. Ons word aangesê om Hom te aanbid oor wie Hy is, oor wat Hy gedoen het, en oor sy vele wonderbare eienskappe. Dit sluit sy goedheid, geregtigheid en genade in. Wanneer 'n mens jou van God se aard en wese vergewis, wat Hy vir jou gedoen het (veral deur sy Seun aan die kruis), en wat Hy belowe om vir jou te doen, hoef jy nooit te wonder hoekom die Here aanbid en geprys behoort te word nie. Niemand hoef ooit daaroor te wonder nie.

Lees Deuteronomium 10:17-22, Psalms 101:1 en 146:5-10, asook Jesaja 5:16 en hfst. 61:11. Wat is die beweegredes vir die lofprysing en aanbidding van die Here in hierdie skrifgedeeltes?

Hierdie redes vir aanbidding is iets wat die volk goed geken het. Party van die mees entoesiastiese aanbiddingsoomblikke onder die pasbevyde Israëliete was juis in reaksie op God se duidelike ingryping. Dink byvoorbeeld aan die uittoeg uit Egipte en die Skelfsee-ervaring. Moses en Miriam hef 'n loflied aan tot God, uit dankbaarheid vir daardie wonderwerk en die redding wat Hy sopas bewerkstellig het, en die Israëliete sing vrolik saam (*lees Eksodus 15*). God se geregtigheid en genade, soos duidelik in hierdie gebeurtenis te siene is, moet (en moes) nooit vergeet word nie. Hierdie stories is deur gereelde oorvertelling lewendig gehou, sodat die handeling en geregtigheid van God 'n blywende inspirasie in die daaropvolgende jare en geslagte se aanbidding kon wees. 'n Voorbeeld van hierdie oorvertelling as aanbiddingsgebaar is opgeteken in Deuteronomium 10:17-22.

God se geregtigheid is, ten eerste, deel van sy wese. Om die waarheid te sê, dit is die kern van sy wese. “Dit is vir God werklik onmoontlik om verkeerd te doen, vir die Almagtige om die reg te verdraai (*Job 34:12, NAB*). God is reg en regverdig, en beywer Hom vir geregtigheid – beslis 'n goeie rede om Hom te aanbid en te prys! Tweedens blyk God se geregtigheid uit sy reg en regverdige handeling ter wille van sy volk en ook ter wille van die armlastige en onderdrukte. Sy geregtigheid bly nie net by 'n beskrywing van sy karakter nie. Intendeel, die Bybel beeld Hom uit as 'n God wat “luister na die hulpgeroep van mense in nood” (*Job 34:28, NAB*). Hy is aktief besig, en is gretig, om die verkeerde in ons wêreld – wat tog so ooglopend is – reg te stel. Die volle verwesenliking daarvan kom natuurlik eers met die laaste oordeel en God se herskepping van die aarde.

As Israel van ouds dan rede gehad het om die Here te loof, hoeveel te meer ons wat kan terugkyk op die Jesus se soenoffer aan die kruis?

Godsdiens wat die onreg verberg

In die beter tye van Israel en Juda se geskiedenis het die mense van dié twee koninkryke weer teruggekeer na die tempel en na die aanbidding van die Here. Ten spyte van sulke pogings tot hervorming het hul aanbidding dikwels invloede van die omliggende nasies se godsdienste en hul afgodspraktyke getoon. Volgens die profete was hierdie godsdienstige hervormings nie goed genoeg nie – dit kon nie die euwels waaraan die Israëliete en Judeërs hulle daagliks skuldig gemaak het, tot ’n einde bring nie. Ten spyte van hul verbete pogings om al die Joodse rituele getrou te volg en sodoende ’n godsdienstige lewe te lei, kon hulle nie die noodkrete van die armlastige en die onderdrukte by die tempel doodsing of wegprek nie. Amos beskryf sy landgenote as die tipe mense “wat arm mense vertrap... wat die mense in nood in die land wil uitroei” (*Amos 8:4, NAB*). Hy noem hoe gretig hulle was om die rituele af te handel sodat die mark kon heropen en hulle hul oneerlike handelspraktyke kon voortsit – “Julle verkoop arm mense vir geld, behoeftiges oor ’n paar sandale” (*hfst. 8:6, NAB*).

Lees Jesaja 1:10-17, Amos 5:21-24 en Miga 6:6-8. Wat sê die Here vir hierdie godsdienstige mense oor hul rituele en seremonies?

Deur sy profete is die Here vreeslik bytend in sy bespottings van die mense se godsdiens en aanbidding, die soort wat uit voeling met hul landgenote se lyding en onderdrukking is, asook aanbidding waarvan die weelde en vertoon in skrilte kontras teenoor die maatskaplike krisis staan. In Amos 5:21-24 lees ons dat God hul aanbidding “haat” en “verafsku” (*NAB*) en basies ’n weersin daarin het. “Ek vind geen plesier in julle samekomste nie” (*NLV*), sê hy aangaande hul gesamentlike aanbidding. Hul brandoffers en musiek word afgeskryf, as handeling wat absoluut nutteloos is. Miga 6 bestaan uit ’n aantal voorstelle – toenemend verregeende en selfs bespottend van aard – oor die mees paslike wyse om God te aanbid. Ewe sarkasties stel die profeet voor dat hulle jaaroud kalwers as brandoffers moet bring, en vermeerder dit dan sommer na “duisende ramme” of miskien moet hulle die Here “tienduisende strome olyfolie aanbied” (*vers 7, NLV*). Dan volg die afgryslieke en buitensporige – maar destydse bekende – voorstel om hul eersgeborenes as brandoffer te bring ten einde die Here se guns en vergifnis te verkry. Al wat die Here uiteindelik (en in werklikheid) van sy volk begeer, is egter “om reg te laat geskied, om liefde en trou te bewys, en om nederig voor God te lewe” (*vers 6:8, NLV*).

Het jy jou al ooit hieraan skuldig gemaak – om meer gesteld op die vorm en rituele van jou godsdiens te wees as om die behoeftige mense om jou te help? Wat het jy uit daardie ervaring geleer?

'n Aanbiddingsgebaar

In hul verduideliking van die band tussen aanbidding en geregtigheid, bring die profete nog 'n belangrike punt tuis – dat aktiewe pogings om die lot van die armlastige, die onderdrukte en die behoeftige te verlig, opsigself 'n belangrike deel van aanbidding is (m.a.w. dat dit, soos ons tereg in Afrikaans sê, 'n aanbiddingsgebaar is). Jesaja 58 is een van die skrifgedeeltes wat hierdie band duidelik aantoon.

Lees Jesaja 58. Let op die eerste deel van hierdie hoofstuk. Wat het skeefgeloop tussen God en sy verbondsvolk?

Soos ons reeds gesien het, is hierdie kritiek gemik op diegene wat aktief godsdienstig was. Hulle soek weliswaar opreg – dog vergeefs – na die Here. Daarom stel die Here voor dat hulle hul manier van aanbidding verander, dat hulle Hom op 'n ander wyse dien. As Hy in hulle kerkskoene kon staan, sou Hy dit soos volg doen het: “Om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek” (*Jes. 58:6, NAB*). Hulle moes ook kos gee aan dié wat honger ly, en blyplek aan die hawelose gee, en die behoeftiges help.

Hierdie dinge word egter nie as die enigste vorm van aanbidding voorgehou nie, maar as 'n belangrike aanbiddingsgebaar. Tog is dit 'n vorm van aanbidding waarin die Here klaarblyklik meer welbehae as die meer tradisionele soort het. Dit blyk dus dat aanbidding nie net 'n inwaartse fokus het nie. Die seëninge wat daaruit voortvloei, strek verder as die aanbidder, tot by al die mense om hom of haar. “Die ware doel van godsdienst is om die mens se sondelas te verlig, om onderdrukking en onverdraagsaamheid te elimineer, en om reg en geregtigheid, en vryheid en vrede te bevorder” (die *SDA Bible Commentary*, vol. 4, bl. 306).

In Jesaja 58:8-12, belowe die Here om sy volk in antwoord op dié vorm van aanbidding te seën. Wat die Here basies hier sê: Fokus minder op juisself, en dan sal julle sien hoedat Ek saam met en deur julle werk om heling en herstel te bring. In Jesaja 58 word hierdie aanbiddingsvorm interessant genoeg ook in verband met 'n herlewing van vreugdegevolle Sabbatsonderhouding genoem (*let op vers 13*). Ons het alreeds gekyk na die sterk verband tussen Sabbatsonderhouding en evangeliebediening. Tog val hierdie twee aktiwiteite saam in God se oproep aan die volk om hul aanbidding te vernuwe en so sy beloofde seëninge te ontdek. Ellen G. White bepeins hierdie verse en skryf: “Diegene wat die Sabbat van die Here hou, dit is hulle plig om ander aktief genadig te wees en om weldade te verrig” (*Welfare Ministry*, bl. 121).

Genade en trou

Toe die godsdienstige leiers vir Jesus voor stok kry omdat Hy kwansuis saam met “sondaars” geëet het, haal Hy vir hulle die profeet Hosea aan. Jesus sê basies: gaan terug na die Bybel waar dit sê, “Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie” en kyk wat God in werklikheid daarby bedoel het (*Hos. 6:6 aangehaal in Matt. 9:13, NAB*). Soos ons reeds ontdek het, het Jesus ’n lewe van omgee en naastediens gelei. Sy interaksies met ander, sy wonderwerke ter geneesing van die siekes, en baie van sy gelykenisse – deur al hierdie dinge het Hy Hosea se lewe van barmhartigheid bepleit, een wat waarlik tot eer van die Here sou strek. Hy het daardie oproep Self ook uitgeleef. Die godsdienstige leier was Jesus se grootste teëstanders, maar was self ook die teiken van die Meester se felste kritiek. Hulle was net soos die godsdienstige mense waarvan ons in Jesaja lees, en het gemeen dat hulle hul spesiale verbondsverhouding met God aan hul uitvoer van die voorgeskrewe godsdienstige praktyke te danke het, terwyl hulle terselfdertyd die arm mense uitgebuit en die behoeftiges geïgnoreer het. Hul dade het dus hul vrome aanbidding weerspreek, ’n skynheiligheid wat Jesus daar en dan aan die kaak gestel het.

Lees Markus 12:38-40 (NAB). Dink jy dat Jesus se sinsnede in die 1953-vertaling – “hulle wat die huise van die weduwees opeet” – nie regtig in hierdie lys hoort nie? Of is dit juis die punt wat Jesus hier probeer tuisbring? Hoekom, dink jy, sê Jesus ten slotte dat “hulle ’n swaarder oordeel sal ontvang?” (OAB).

Jesus se mees skrikwekkende preek – veral vir godsdienstige mense – is sekerlik die een in Matteus 23. Die rede hoekom die skuldiges se godsdiens as nutteloos afgemaak word, is nie net omdat dit van geen nut vir die minderbevoorregtes is nie, maar omdat dit boonop ’n verdere las op laasgenoemde se moeë skouers plaas. Deur dié soort godsdienstige mense se optrede (of by tye selfs gebrek aan optrede en omgee), “sluit hulle die deur van die koninkryk in die mense se gesig toe” (*Matt. 23:13, NAB*). Dit is wat die Meester sê.

Jesus sluit Hom by die Ou-Testamentiese profete aan, deur direk op die gaping tussen die godsdienstige praktyke van die vromes en die ongeregthede waaruit hulle voordeel getrek en wat hulle goedgepraat het, te wys. “Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid” (*Matt. 23:23, NAB*). Nietemin wys Jesus gou daarop dat die godsdienstige praktyke en feesdae nie opsigself verkeerd is nie, net dat hulle nie die billike en regverdige behandeling van ’n mens se medemens kan vervang nie.

Gelowiges dink soms dat hul kop deur is as hulle die waarheid het en ken. Hoe kan ’n mens hierdie slagkat vermy?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “Isaiah 58 – A Divine Prescription” op bl. 29-34 in *Welfare Ministry*, en “Woes on the Pharisees” op bl. 610-620 in *The Desire of Ages*. “Met hierdie oproep om die waardes van praktiese Godvresendheid uit te leef, het die profeet bloot die raad wat Israel eeue gelede ontvang het, herhaal... In elke tydvak het die dienaars van die Here hierdie boodskap gebring – en was vir elkeen wat die gevaar geloop het om praktiese barmhartigheid vir formalisme te verruil” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 326, 327). “Die Here het my aangesê om die mense se aandag op Jesaja 58 te vestig. Lees aandagtig deur hierdie hoofstuk en sien watter soort bediening ’n herlewering in ons gemeentes teweeg sal bring. Die verkondiging van die evangelie word deur beide ons vrygewigheid en ons vele uitreikpogings gerugsteun. As jy mense teëkom wat swaarkry, help hulle uit die verknorsing; en mense wat honger ly, gee hulle iets om te eet. Sodoende volg jy in die skrede van Christus en sy bediening. Ons Heiland se gewyde taak was een van weldaad. Laat ons mense alom aangemoedig word om deel van hierdie taak te wees” (Ellen G. White, *Welfare Ministry*, bl. 29).

Vrae vir besprekings:

1. Het jy al ooit aan reg en geregtigheid, en aan liefdadigheid, as aanbiddingsgebare gedink? Hoe kan dit jou benadering tot die versorging van ander verander? Hoe kan dit jou benadering tot aanbidding verander?
2. Jesus sê dat ons nie die dinge “wat volgens die wet die swaarste weeg” (Matt. 23:23, NAB) moet verwaarloos nie. Hoe kan ’n mens keer dat dit gebeur, beide in jou eie lewe en in dié van jou kerkgemeenskap? Kan jy aan ’n paar voorbeelde uit jou eie lewe dink waar jy dalk “die muggie uit jou beker uitgeskep het” en toe “die kameel ingesluk het” (Matt. 23:24, NAB, woordorde aangepas)?
3. Hoekom is skynheiligheid dan so ’n groot sonde? Is dit nie beter dat ons ten minste voorgee om te doen wat reg is, as om absoluut niks te doen nie?
4. Dink aan God se visie en passie vir die arme en die behoeftige, soos dit in die geskrifte van die profete weerspieël word. Hoe verander daardie visie ’n mens se wêrelduitkyk? Op watter maniere gaan jy plaaslike nuusberigte in ’n nuwe lig sien as jy dit met die oë van ’n profeet lees en met die ore van ’n profeet daarna luister?

Opsomming:

Hoewel alle ewels vir die profete kommerwekkend was, let hulle veral op die sondes gefokus van dié wat bely het dat hulle in die lewende God geglo en Hom as hul Verbondsgod aanbid het. Vir die profete en vir Jesus was aanbidding en onreg nie versoenbaar nie. Dié klas van godsdien was en is skynheilig. Die enigste ware aanbidding – die soort wat God verlang – is dié wat die bevegting van onderdrukking asook die versorging van die armes en die behoeftiges insluit.